
# LOF & Aanbidding



Wat verstaan jy onder lof & aanbidding?  Worship? Lofprysing?

Aan watter voorbeelde kan jy in die Bybel dink waar dit beoefen word?

- Die Psalms is vol van liedere wat die volk oppad na Jerusalem toe gesing het
- Josua en die volk het rondom die stad Jerigo geloop met lofprysing (Josua 6)
- Paulus en Silas in die tronk het die tronkbewaarders met lofprysing bekeer terwyl hulle vasgevang was (Handelinge 16)

Hierdie mense het geloof en prys - nie om oorwinning te bereik nie – maar omdat hulle besef het God het reeds oorwin en Hy is reeds goed, groot en almagtig.

Lofprysing is egter nie net sang en musiek nie.  Dis 'n totale oorgawe van jou hele menswees.

- Die vrou met die alabasterfles olie wat sy op Jesus se voete uitgestort het was 'n daad van lofprysing (Lukas 7)
- So ook die weduwee wat haar laaste paar karige munte in die kollekte gegooi het (Markus 12)
- Abraham wat sy seun Isak geoffer het (Genesis 22)

Dis die besef dat God groter en meer en dieper is as wat jy besit, sien, ervaar, verstaan.

Kom ons lees Psalm 57 en sien hoe lyk ware lofprysing – selfs wanneer dit nie lyk asof daar rede is vir loof nie.

# PSALM 57



# PSALM 57:1

Vir die koorleier: op die wysie van “Moet dit nie
verwoes nie!” Van Dawid. 'n Gedig, na aanleiding
daarvan dat hy vir Saul in die grot in gevlug het.
2Wees my **genadig**, o God! Wees my genadig,
want by U soek ek **skuiling.**
Onder u vleuels sal ek skuil
tot die bedreiging verby is.
3Ek roep na God, die Allerhoogste,
na God wat my sal **help**.
4Hy sal uit die **hemel** antwoord en my red,
Hy sal dié wat my jaag, die stryd laat verloor. *Sela*

God sal antwoord in sy **liefde en trou.**
5Ek is hier tussen leeus,
tussen mense wat my wil verskeur.
Hulle tande is spiese en pyle,
hulle tonge is skerp swaarde.
6Toon u **grootheid**, o God, **hoog bo die hemel**,
u mag hoog bo die aarde.
7Hulle het 'n strik vir my voete gespan,
hulle wou my breek,
hulle het 'n gat vir my gegrawe,
maar self daarin geval. *Sela*
8Ek voel weer **veilig**, o God!
Ek voel weer veilig!
Ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing.

9Ek wil vroeg opstaan,
met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak!
10Onder die volke wil ek U loof, Here,
onder die nasies u lof besing,
11want **u liefde reik tot in die hemel**,
**u trou tot in die wolke**!
12Toon u **grootheid**, o God, **hoog bo die hemel**,
hoog bo die aarde u mag.

Wat staan vir jou uit rondom lofprysing in hierdie Psalm?  Hoe kan jy dit met jou eie lewe vergelyk?

Dawid is op ‘n benoude plek, hy kruip weg van Saul en vrees vir sy lewe, maar in daardie omstandighede noem hy ‘n lang lys van God se eienskappe op.  Hy weet wie God is en as hy God se eienskappe opweeg teen sy probleme, besef hy opnuut dat God wen, dat Hy dit reeds oorwin het, dat Hy waardig is van lofprysing en dankbetuiging.

Wat is jou heel waardevolste besitting wat jy het?  Is dit jou motor, jou huis, dalk jou werk, jou vrou, man of kinders.  Ons plaas soveel energie en geld en tyd in daardie persone of dinge... ons fokus ons lofprysing en aanbidding op daardie dinge... eerder as op God – wat ons nooit mag verloor nie!

Lees Openbaring 5 (veral vers 1-5 en 11-18).

Wat staan vir jou uit?  Ons is gemaak vir lofprysing en aanbidding – dis in ons wese!  En as ons nie met ons hele liggaam, siel en verstand op God fokus nie, beteken dit ons is eintlik besig om iets anders te aanbid.



# WAT is **AANBIDDING?**





# A A N B I D D I N G

Gee uiterste waarde aan iets of iemand in jou lewe;
uiting van bewondering, waardering, dank.

**Jy sê dit, wys dit, leef dit, dink dit!**


FINE
GOLD

Kyk na die skaal met die muntstukke. Ons spandeer soveel tyd en energie om waarde te kry... terwyl ons met God reeds die waarde ken en net daarop moet bank (die skaal met goudstawe). **Dit beteken:**

- Waardeur jou ookal gaan, hoe bang jy ookal is... God is groter as jou vrees
- Hoe baie jy dalk op ander dinge en ander persone vertrou... jy kan God meer vertrou
- Niks wat jy aan die munstuk se kant doen, kan die waarde van God verander nie – dit is reeds bepaal.

Hoe laat hierdie besef, wanneer jy God se onskatbare waarde besef, jou voel?  Wat het Dawid gedoen toe hy dit opnuut besef?

Hoe kan jy jou aanbiddingstyl verander om God werklik te loof en prys?

**Hier is drie belangrike praktyke:**



- Totale **oorgawe**
- Totale **dankbaarheid**
- En die beste van alles **SELFVERTROUE**





Om God se waarde te besef, gee vir ons selfvertroue/ confidence.

- Selfvertroue om te kan staan in tye van swaarkry
- Selfvertroue om te kan vra wanneer ons hulp benodig
- Selfvertroue om te kan wegstap van iets wat nie reg is nie
- Selfvertroue om ons hande in die lug te steek en uit volle bors te sing
- Selfvertroue om nie terug te kyk, rond te kyk of te wonder wat die mense dink of sê nie, maar om op Hom gefokus te wees


EK SAL
SING
SONOR

Hoe besing jy God se waardigheid in jou eie lewe?
Hoe dink jy moet lofprysing in die kerk lyk?
Hoe lyk lofprysing in jou alledaagse lewe?

Lees 2 Timoteus 1:7-8. God is waardig, ons hoef daarom nie ‘n skaam, lafhartige, ‘n jammer-ek-leef, ek-wil-nie-gesien-word, my-arms-gevou houding te hê nie. Ons het ‘n Gees van Vertroue, Selfvertroue en Oorwinning. Wys dit!


2 TIMOTEUS 1:7
DIE GEES WAT GOD ONS GEGEE HET, MAAK ONS IMMERS NIE LAFHARTIG NIE, MAAR VUL ONS MET
KRAG EN LIEFDE EN SELFBEHEERSING.
2 TIMOTEUS 1:7

GEBED.

- Here, dankie dat U ons oplig met U waarde!
- Help my om my dankbaarheid en bewondering met my hele wese aan U uit te leef
- Help my veral in die areas waar ek nog bang, skaam, skuldig, nietig voel... op te staan in geloof en vertroue.

LIED: I stand amazed...
https://www.youtube.com/watch?v=fQKrFytB128

AMEN.